

## Die versoeking en ongehoorsaamheid

Gen 3:1-7

23 April 2023

1. Vantevore: Gen 2:25 – Adam en Eva was naak, maar nie skaam nie – hulle was naak, want hulle het nie gevorder met dade van geregtigheid nie, boonop was hulle nie eens skaam nie
2. Die historisiteit van die gebeure in Gen 3
  - a. Die gebeure in Gen 3 is werklike geskiedkundige gebeure, want:
    - Die NT interpreer dit as sulks in die geslagsregister van Jesus (Luk 3:23-28), en deur te redeneer dood het tot almal gekom deur Adam, en lewe tot baie deur Christus (Rom 5:19, 1 Kor 15:22)
    - As God by magte is om alles uit niks te skep, is Hy ook by magte om 'n slang te laat praat
3. Die versoeking deur die slang
  - a. Slang = groot draak = duiwel = satan (Op 12:9, 20:2)
  - b. Die listigheid van die versoeking deur die slang:
    - Wek agterdog deur kritisies te wees oor God en te suggereer dat God totaal onredelik is om eet van alle bome te verbied (Gen 3:1)
    - Vertel 'n leuen en probeer God tot leuenaar maak deur te sê: "Julle sal beslis nie sterf nie", d.w.s. God sal nie oordeel as hulle oortree nie (Gen 3:4)
    - Vertel halwe waarheid dat mens soos God sal word as hulle eet (Gen 3:5, 22)
      - Bome was sakramenteel (teken van geestelike gebeure)
      - God het alle kennis – van goed en van kwaad
      - Mens het reeds ervaringskennis van God se goedheid, as die mens sou eet, doen hy ook ervaringskennis op van kwaad
      - Suggereer die mens is bedreiging vir God
4. Die ongehoorsaamheid van Eva
  - a. Leen ore uit aan die duiwel, begin oordryf en redeneer soos die duiwel (Gen 3:3)
  - b. Vertrou eie oordeel meer as God se oordeel (Gen 3:6)
    - Haar oordeel was beperk tot fisiese voorkoms, mis diepte van opdrag
  - c. Streve om eie insig en ambisies te vervul – selfs al moet sy ongehoorsaam wees aan God (Gen 3:6, vgl 1 Joh 2:15-16, Deut 8:3b)
5. Die ongehoorsaamheid van Adam
  - a. Adam was by Eva tydens die gesprek met die duiwel (Gen 3:6b)
  - b. Adam vervul nie sy rol as hoof van Eva nie, maar volg haar
  - c. Adam vervul nie sy rol om die tuin te bewaak nie – die duiwel is in die middel van die tuin
6. Direkte gevolg van ongehoorsaamheid: Oop oë, 'n besef van hulle naaktheid, skaamte, vrees
7. Implikasies vir ons
  - a. Die duiwel werk steeds op dieselfde manier, bv: alle godsdienste is gelyk, mens hoef nie vrug te dra nie, God ontferm Hom oor uitgeworpenes sonder bekering, sonde/ordeel is uitgedien, maak staat op eie insig vir selfrealisering, ruggraatlose mans in huwelikke
  - b. Adam en Eva het geneem en geëet. Ons moet eerder die liggaam van Jesus neem en eet.